

# Woensdag 10 November

Skrifgedeelte: Jesaja 18:1-7	Fokusgedeelte: Jesaja 18:4
------------------------------	----------------------------

## **God gee rus aan dié wat onstuimig is**

In Jesaja se profesieë sien ons die Spruit uit Dawid se tent heers regverdig (16:5). Die vyandige nasies om Israel word uitgebeeld soos onstuimige waters, Moab en Sirië (hfst. 16 en 17). Die Etiopiërs se onrustigheid word uitgebeeld soos 'n plaag sprinkane se vlerke wat harde gonggeluide maak.

Die hoofstuk eindig met goeie nuus: die Spruit van Dawid heers en kyk in rustigheid en vrede terwyl sy vyande, die Etiopiërs, aan Hom onderwerp word (vs 4). Die Etiopiërs dra op hulle beurt geskenke na Jerusalem om eer te bring aan die Here.

Na Jesus se hemelvaart het die hemelse Vader vir sy Seun gesê: Sit aan My regterhand, totdat ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete (Ps. 110:1; Mark. 12:36).

Jesus stuur die Heilige Gees sodat die evangelie in sy krag verkondig word (Hand. 2). Eers in Jerusalem en dan verder. 'n Hooggeplaaste van prinses Kandake van Etiopië het na Jerusalem gereis en op pad terug het Fillippus die evangelie aan hom verkondig. Die evangelie het ook die land van die mense met die blink velle bereik (Hand. 8:26-40). Hy het met die heerlike evangelie teruggekeer Etiopië toe.

Die hemelse Vader is besig om Christus se vyande aan Hom te onderwerp. Ons Vader oorwin sy vyande deur hulle harte op Hom te rig en aan hulle verlossing deur sy Seun Jesus Christus te skenk. Die wapen wat die mag van die vyand oorwin, is die heerlike evangelie. God se uitverkorenes is te vind onder elke volk, stam, nasie en taal. Vir hierdie rede moet ons nie versuim nie, laat ons die evangelie met vrymoedigheid aan almal verkondig.

*Sing: Psalm 8-1:2, 3, 7*

*Ds. G Janse van Rensburg (Gerhard) (Durban-Noord)*